NED GEREF GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 4 JUNIE 2006

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 4 JUNIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (*Tema: Die huisgesin van God verryk mekaar)*
09:00 Kinderedienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman *(Tema: Die huisgesin van God verryk mekaar)*
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: *In die stof van die Rabbi (3/4)*

DINSDAG, 6 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 7 JUNIE

17:30 Biduur
19:00 Bedieningskommissie vergadering

SATERDAG, 10 JUNIE

10:00 Byeenkoms Klub Immergroen

SONDAG, 11 JUNIE

Inhandiging van Kommissieverslae

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (*Tema: Vervul jou funksie in die huisgesin van God)*
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Tema: Vervul jou funksie in die huisgesin van God)
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: *In die stof van die Rabbi (4/4)*

DINSDAG, 13 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 14 JUNIE

17:30 Biduur
20:00 Adoramis

VRYDAG, 16 JUNIE

Jeugdag

SONDAG, 18 JUNIE

Sakelys: Kerkraadsvergadering

09:00 Erediens

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Eddie en Lettie Leach, Krugerlaan 290, 664-3163, met Eddie wat tuis aansterk. (Wyk 04Aa).
2. Johan en Davina Bauer, DF Malanln 257, 664-2230, met Johan wat 'n hand-operasie ondergaan het (Wyk 7Aa).
3. Wernich en Erika Pienaar, Van Riebeeckln 277, 664-4685, met Wernich wat nog in die hospital is. (Wyk 03Ac)
3. Klein Philip de Wet (agterkleinkind van Tannie Joey James) wat nog siek is. (Wyk 23Ab).

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel aan:

1. Die Steyn gesin, Krugerlaan 235 en hul familie met die afsterwe van Martin (Wyk 07Ab).
2. Die familie van Tannie Mossie Jordaan wat vir baie jare in die gemeente woonagtig was.

ONTHOU …

Woensdag, 7 Junie

19:00 Bedieningskommissie vergadering

Woensdag, 21 Junie

19:00 Kerkraadsvergadering

Om in te teken op ons elektroniese nuusbrief of om u bydrae elektronies oor te betaal, gaan na: www.lyttelton.givengain.org en klik op die "donate" knoppie. Die gemeente se rekeningnommer is op die skutblad van die almanak.

21 Mei tot 11 Junie

Reeks:

In die stof van die Rabbi

Jesus het geleef soos 'n Jood, gepraat soos 'n Jood, aanbid soos 'n Jood
Hy het as 'n Jood grootgeword, 'n Joodse opvoeding ontvang en het op dertigjarige ouderdom as 'n Joodse rabbi begin optree.

Wat beteken dit om 'n *talmīd* (dissipel) van die Rabbi van Nasaret te wees?
'n Dissipel moet bedek wees deur die stof van sy rabbi se voete
- Joodse gesegde uit die eerste eeu

Vir vier weke gaan ons kyk na wat dit beteken om so naby aan Jesus te loop dat die stof van sy voete ons bedek!

Derde kwartaal

Reeks:

NUWE LIG OP

OPENBARING

13 Augustus tot 17 September

Ondervind die troos en bevryding wat die boek Openbaring ons bied. Kom ontdek nuwe insigte in hierdie boek en raak ontslae van valse en misleidende interpretasies.

COMRADES—BYBELVERSPREIDING

Die Comrades wedloop is oor twee weke! Vir die afgelope sewe jaar is ek gemotiveer om aan te hou hardloop deur 'n inisiatief van ons gemeente om my te borg per kilometer met die oog op Bybelverspreiding. Die vrygewigheid van gemeentelede, vriende, familie en kollegas het my geïnspireer om elkeen van die afgelope ses wedlope klaar te maak.

Hierdie jaar is baie spesiaal aangesien dit my tiende Comrades is. Help my en *Jacques Martins* om 'n verskil in mense se lewens te maak deur 'n Bybel in hulle hand te plaas wat hulle dalk nie sou gehad het nie. Plaas jou naam op die lys voor in die kerk of by die inligtingstafel by die tee.

Lynn de Bruin

ROMMELVERKOPING

Neem asseblief kennis dat die datums verskuif het

Die volgende rommelverkoping vind plaas op **WOENSDAG 7 JUNIE** vanaf 06:30.

Ons soek dringend enige arftikels wat in onbruik geraak het. U kan dit afgee by Ria Maree, Fitzpatrickweg 21, 664-3364, OF Dries van der Merwe, Van Riebeeck-laan 149, tel. 664-2469. Die belangrikste is egter om hulp te kry met die merk van die arftikels op **DINSDAG 6 JUNIE.** Skakel vir Ria of Dries en bied u hulp aan. Dit sal opreg waardeer word. Die fondse gaan vir Bybelverspreiding**.**

KWALITEIT RAAMWERK

Vir puik raamwerk en flinke diens tree in verbinding met Rolene — telefoon: 664-3213

40 dae

Fokus ons verhouding met mekaar

'n Oorvloedige lewe is 'n lewe wat oorvloei van *liefde, vrede en vreugde*. Dis 'n lewe wat *baie* vrugte dra (Joh 15:8); 'n ryk, vol lewe wat sin maak en betekenis het. Baie mense kies om 'n saai lewe te leef wat op die ou end geen waarde het nie. Hoekom dan so 'n lewe leef as die Here vir ons soveel méér in gedagte het? Kom ontdek in drie fokus-tye van 40 dae elk wat dit beteken om 'n lewe-in-oorvloed te leef! (Joh 10:10)

Ons is tans besig met ons tweede 40 dae fokus-tyd. Waar ons verlede kwartaal gekyk het na ons verhouding met die Here, fokus ons hierdie kwartaal op ons verhouding met *mekaar* as mede-gelowiges. Volgende kwartaal fokus ons op ons verhouding met *ongelowiges*.

Die temas tydens hierdie 40 dae is:

- Sondag 4 Junie: Die huisgesin van God *verryk* mekaar. [Groei is die potensiaal van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 11 Junie: *Vervul* jou funksie in die huisgesin van God. [*Gehoorsaamheid* is die doel van ons verhouding met mekaar.]

Onderliggend aan elkeen van hierdie temas is die vyf waardes van ons gemeente, nl. genade, gemeenskap, gebed, groei, gehoorsaamheid. Hierdie waardes is gekoppel aan die vyf vernaamste take van 'n gemeente volgens Ef 4:11, nl. sending (apostoliese taak); aanbidding (profetiese taak); gemeenskapsbediening (evangeliese taak); onderlinge versorging (herderlike taak); toerusting (leer-taak). ***Sien tabel.***

Temas	**Waarde**	**Ef 4:11**	**Taak**	**Uitkoms**
Vergewe (Basis)	Genade	Evangeliste	Gemeenskaps-bediening	Lewensvrede
Versorg (Konteks)	Gemeenskap	Herders	Onderlinge ver-sorging	Lewenstuiste
Versterk (Kern)	Gebed	Profete	Aanbidding	Lewenskrag
Verryk (Potensiaal)	Groei	Leraars	Toerusting	Lewensvernu-wing
Vervul (Doel)	Gehoorsaamheid	Apostels	Sending	Lewensver-vulling

DIE KEER TOE GOD

'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(31) VERDERE VERSKYNING VAN JESUS EN DIE HEMELVAART

(Ds Odie Odendaal)

Lees: Lk 24:50-53; Hebr 4:14-16

Met sy verskyning tydens sy hemelvaart het Hy sy hande uitgesteek oor die groepie gelowiges daar en hulle geseën. Dit was hulle laaste blik op Hom. So sou hulle Hom onthou want so is Hy die hemel in.

Die hemelvaart beteken nie dat Jesus nou weg is nie. Hy het opgestaan en leef. Stefanus het Hom sien staan aan die regterhand van God. Paulus het Hom wel nie gesien op die pad na Damaskus nie maar sy stem gehoor wat vra: *"Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"* en Johannes het Hom op Patmos gesien as die Lam wat geslag is en vorentoe tree om die boek van God se besluite oor wêreldgebeure uit God se hand te ontvang om dit oop te maak en die besluite in werking te laat tree.

Met die gesig van Johannes op Patmos waar hy Jesus sien as die Lam word ons baie sterk daaraan herinner dat Jesus as die gekruisigde opgestaan het uit die dood. Hy is gekruisig maar Hy leef en is ons middelaar by die Vader.

Waar die opgestane Jesus nou na sy hemelvaart aan die regterhand van die Vader is, is Hy ons ewige Hoëpriester wat vir ons intree en bid. Hy verstaan wat dit is om 'n mens te wees en het medelye met ons

Paulus verduidelik in sy sendbriewe dat die opstanding van Christus bevestig en ons verseker van die vergifnis van sonde wat Hy vir ons aan die kruis verwerf het. Daarom roep die evangelie van die opstanding en hemelvaart ons op om die werke van die duisternis af te lê en welvoeglik te lewe soos dit in die daglig hoort. Jesus is in die hemel by God, maar ook hier by ons en in ons hart.

VRAAG:

Wat beteken die hemelvaart vir jou?

GEBED:

Here, dis vir my so 'n bevrydende gedagte dat U in die hemel ons voorbidder is.

AMEN

VERJAARSDAE : 4 TOT 10 JUNIE 2006

06/04	HERMAN	BEZUIDENHOUT	HANS STRIJDOMLN 216	664 4510	Wyk 09Ab
06/04	WERNER	DU PREEZ	5DE STRAAT 8	664 6588	Wyk 02Ab
06/06	ELSIE	POTGIETER	HANS STRIJDOMLN 285	664 4348	Wyk 03Aa
06/06	BRIGITTE	MARTINS	KRUGERLN 112	664 3830	Wyk 16Ab
06/07	ADRI	DÖRNBRACK	HOFMEYERWEG 19	083 381 8677	Wyk 03Ab
06/07	JOHANN	DE BRUIN	KRUGERLN 243	667 4923	Wyk 26Aa
06/07	SEXTA	MAREE	BERYLLAAN 4	664 1506	Wyk 26Aa
06/07	CARMEN	STRYDOM	SMUTSLN 208	664 0288	Wyk 08Aa
06/07	FREDA	VILJOEN	VAN RIEBEECKLN 35	664 3085	Wyk 23Ab
06/08	PIETER	LAMBRECHT	KAMER B120 OFF MENASIEGEEN	GEEN	Wyk 02Ab
06/08	ANN	BESTER	KRUGERLN 100	082 342 9937	Wyk 20Ab
06/08	PONTIE	BOTHA	HANS STRIJDOMLN 176	664 8631	Wyk 09Aa
06/08	HARDUS	DU PREEZ	SMUTSLN 334	664 4145	Wyk 01Ab
06/08	NAAS	DE JAGER	DF MALANLN 203	664 4582	Wyk 11Aa
06/09	STEFAN	GOUWS	LANGEBRINKWEG 120	664 3581	Wyk 26Aa
06/09	MAGDA	BUYS	HANS STRIJDOMLN 143	664 4756	Wyk 13Aa
06/10	NIKI	WESSELS	HANS STRIJDOMLN 130	664 1809	Wyk 14Ab
06/10	ETHAN	ERASMUS	HANS STRIJDOMLN 192	082 448 2434	Wyk 09Ab

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan Oom Herman Bezuidenhout, Hans Strijdomlaan 216 wat vandag 82 jaar oud is. Mag die Here u ryklik seën op u pad vorentoe.

HUWELIKHERDENKING

5 JUNIE

FRIK EN ANé STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	664 1451	Wyk 03Ab

BAIE DANKIE

Baie dankie aan almal wat op een of ander manier behulpsaam was met die vier begrafnisse die afgelope 2 weke. U hulp word opreg waardeer.

Ria Maree

HULP GEVRA, ASSEBLIEF!!

Ria Maree vra asseblief, as daar lid-mate is wat graag behulpsaam wil wees met begrafnisse sy dit baie sal waardeer.

Skakel haar by 664-3364 en bied u hulp aan!

BOOMSLOPING EN

SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 233 6394